Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 35 NO 05 • SEPTEMBER / OCTOBER 2021



## MANAGING CRISES THROUGH PUBLIC RELATIONS: LAPSE IN ANTI-DUMPING DUTIES

## SANDVELD-KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING OP AURORA IN 2020/2021

Empangeni farmers get the know-how

Span weerdata in vir besproeiingskedulering

Kultivars wat op varsproduktemarkte presteer

# Koop plaaslik en ondersteun 'n bedryf met klas



*Deur Willie Jacobs, HUB van Aartappels SA*

Produsente sal teen hierdie tyd deeglik bewus wees van Aartappels SA (ASA) se pogings om Suid-Afrikaanse verbruikers te oortuig om plaaslike aartappelprodukte te koop, pleks van die bevrore produkte wat deur lande soos Nederland en België, hier gestort word.

Storting is 'n deurlopende proses wat onderworpe is aan markkragte. Die storting-scenario waaraan Suid-Afrika tans blootgestel is, kan op 'n kombinasie van hoë volumes en lae pryse neerkom, hoewel huidige statistiek gekenmerk word deur lae pryse, terwyl volumes matige stygings toon. Gegewe die lae pryse waarteen hierdie produkte in die kleinhandel aangebied word, is dit 'n natuurlike reaksie by 'n vuisvoos verbruiker of sukkelende restaurantbedryf om die meer bekostigbare produkte aan te koop.

Die uitdaging is dus om hierdie verbruikers in te lig waarom hierdie storting in die eerste plek plaasvind, en wat dit aan ons plaaslike produsente en ekonomie doen ... en hulle dan te oortuig om eerder plaaslik te koop en verseker te wees van topgehalte produkte.

## Rimpeleffek op plaaslike bedryf

'n Belangrike beginsel wat ons moet oordra, is waarom ons produkte duurder is as dié wat hier gestort word. Dit is algemene kennis dat produsente in Europa deur hul regerings gesubsidieer word en derhalwe goedkoper kan produseer. Die Suid-Afrikaanse regering is een van die min wat nié hulle landbouprodusente subsidieer nie. Produksie in Suid-Afrika is dus onderworpe aan hoë produksiekoste wat deur die produsent alleen gedra moet word.

Op 'n praktiese vlak is dit ook belangrik dat verbruikers en selfs insetverskaffers, die rimpeleffek van storting verstaan. Bevrore skyfies wat die land binnekom word meestal aan die groothandel bemark, wat dan die skyfies herverpak en aan die kleinhandel, sowel as die restaurant- en gasvryheidsbedryf verskaf. Dit beteken dat ons plaaslike bevrore skyfieverskaffers onmiddellik 'n nekslag toegedien word. Dit is bykans onmoontlik om met die laer prys van die gestorte produk te kompeteer, en dit is eweneens baie moeilik om die afset daarvan te monitor.

As 'n natuurlike gevolg, verlaag die verwerker se vraag aan die produsent. Die meeste van ons plaaslike produsente wat afhanklik is van die verwerkingsbedryf, is dié wat nie pak- en stoorfasiliteite het nie. Ons ontwikkelende boere word dus swaar getref. Die oorskot plaaslike produkte wat andersins na die verwerkingsektor sou gaan, moet nou 'n ander afsetpunt kry, en dit is ons plaaslike varsproduktemarkte. Die groter aanbod op die markte plaas weer afwaartse druk op prys, met die gevolg dat produsente nie 'n goeie prys vir hul aartappels ontvang nie.

Dit alles kom terug na die konstante stryd tussen volhoubaarheid en nie-volhoubaarheid. 'n Bedryf kan nie volhoubaar voortbestaan indien goeie pryse nie gerealiseer kan word nie. Groot volumes gestorte produkte op 'n gegewe tyd, kan ook beteken dat die produksieseisoen in 'n hele aartappelproduksiegebied geaffekteer kan word. Hoewel dit nie tans die geval is nie, bestaan die vrees dat dit uiteindelik wel op so 'n ramp kan afstuur.

## Samewerking is noodsaaklik

Dit is ons elkeen – van ASA tot aartappelprodusente en bedryfsrolspelers, en veral die media – se plig om die verbruiker in te lig oor die uitstaande gehalte van die aartappels wat in ons land geproduseer word, en die bevrore skyfies wat daarvan gemaak word. Ek kan skaamteloos sê dat dit van beter gehalte is as die produkte wat hier gestort word. Die verskil, om die waarheid te sê, is opmerklik. Verbruikers moet aangemoedig word om veral na die verpakking te kyk en hulself te vergewis van die afkoms van die produk (land van oorsprong) wat hulle koop.

Ons is baie trots op die gehalte van ons aartappels en die produsente wat dit voortbring, en ons gaan hierdie topklas-bedryf slegs in stand kan hou met behulp van voortgesette verbruikersondersteuning. Maar dan moet ons verbruikers wéét wat hulle koop.

ASA sal onverpoos voortgaan met sy projekte en pogings om ons bedryf te bevorder en verbruikers ingelig te hou, maar ons het die ondersteuning van die totale waardeketting nodig om werklik sukses te bereik.